



Laerskool Mikro

## MEMORANDUM VAN WEEK 5 SE WERK

MAANDAG 1 Junie 2020

Die volgende werk moet in die lyntjiesboek gedoen word.

**BELANGRIK** - Werk onderaan waar jy laas geskryf het, moenie spasies ooplaat nie.

Deelwoorde

1 Junie 2020

P. 77

### Deelwoorde

'n **Deelwoord** is 'n nuwe woord wat van 'n **werkwoord** afgelei of gevorm is. As die woord tussen hakies 'n werkwoord is, verander dit na 'n deelwoord wat meestal 'n **beskrywende woord** is.

Wanneer die **aksie nog besig** is om te gebeur, word **-de, -ende** of **-end** aan die einde van die woord bygevoeg.

Voorbeeld: Die kind huil. Dit is 'n huilende kind.  
Die kraan loop. Dit is 'n lopende kraan.



### Lees die sinne en verander die werkwoorde na deelwoorde.

1. Die (lag) prinses soen die lelike padda. laggende
2. Rangskik die getalle in (styg) orde. stygende
3. Die (blaf) honde maak my mal! blaffende
4. Die (slaap) skone het haar prins gevind. slapende
5. Sy het haar met (kook) water gebrand. kokende
6. Ons doen (groei) patrone in Wiskunde. groeierende
7. Moses moes sy skoene uittrek by die (brand) bos. brandende

## DINSDAG 2 Junie 2020

### Direkte en Indirekte rede

In die **direkte rede** word die presiese woorde wat iemand gesê het, neergeskryf.

Die **indirekte rede** vind gewoonlik plaas wanneer iemand op 'n ander tyd en 'n ander plek wil weet wat die persoon gesê het.

**Voorbeeld:** Jan sê: “My Wiskunde huiswerk is klaar.” (Direkte rede)  
Jan sê **dat** sy Wiskunde huiswerk klaar is. (Indirekte rede)

### Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat volg:



#### 1. Skryf die storie oor in die direkte rede:

Linda sê: “ Ek is honger. ”

Adam sê: “ Ek het vir jou 'n koekie. ”

Linda sê: “ Ek hou nie van kersies nie. ”

Die koekie skree: “ Moet my nie eet nie! ”

#### 2. Skryf die storie oor in die indirekte rede:

Linda sê dat sy honger is.

Adam sê dat hy vir haar 'n koekie het.

Linda sê dat sy nie van kersies hou nie.

Die koekie skree dat hulle hom nie moet eet nie.

#### 3. Skryf die volgende sin in die direkte rede:

Pieter vra of hy my potlood mag leen.

Pieter vra: “Mag ek jou potlood leen?”

#### 4. Skryf die volgende sin in die indirekte rede:

Mamma vra: “Waar is my beursie?”

Mamma vra waar haar beursie is.

## WOENSDAG 3 Junie 2020

Sien die speltoets se memorandum op die Speltoets Groep 12 dokument.

Doen die dagboekinskrywing eers rofweg en laat iemand dit vir jou deurlees vir foute. Skryf dit dan netjies oor op jou werkvel en plak dit laastens in jou lyntjiesboek.

## DONDERDAG 4 Junie 2020

Deurlopende assessering

4 Junie 2020

P.80 nr. 1, 2 en 4

---

- 1.a. Ek en my gesin gaan hierdie vakansie flik.  
b. Ons het vanmiddag lag-lag die wedstryd gewen.
- 
- 2.a. Die vissie soebat dat hy nie geëet word nie.  
b. Die kinders by die vertoning het almal geskater van die lag.  
c. Die man wil nie lag nie; hy is baie nors.  
d. Dis 'n wonderlike present.
- 
- 4.a. Die skilpad met sy kort pote hardloop stadig.  
b. Die goeie waghond jaag die oneerlike skelms weg.  
c. Die flukse kinders se skoolwerk is goed, want hulle werk so hard (baie).
- 

### Deurlopende Assessering - Tema 8 (P.80)

1. a) Ek en my gesin gaan hierdie vakansie flik.  
b) Ons het vanmiddag die wedstryd lag-lag gewen.
2. a) Die vissie **soeb**at dat hy nie geëet word nie.  
b) Die kinders by die vertoning het almal **geskater** van die lag.  
c) Die man wil nie lag nie; hy is baie **nors**.  
d) Dis 'n wonderlike **present**.
3. a) Ek verjaar môre en my maats kom almal hierheen.  
b) Hoekom kom jy nie na my partytjie toe nie?  
c) Ek sien so uit na Saterdag!  
d) Die partytjie begin om twee-uur.

- e) Almal is knuppeldik geëet.
  - f) Hulle is almal binne-in die huis.
  - g) Daar is 'n hanswors om die kinders te vermaak en ons lag ons slap.
  - h) Die kinders probeer almal die hanswors na-aap.
  - i) Dit was nou 'n affêre!
  - j) Later het hulle bo-oor mekaar se rûe gebokspring.
  - k) Die kinders wag dat hul pa's en ma's hulle kom haal.
4. a) lang: kort ; vining: stadig  
 b) slegte: goeie ; eerlik: oneerlike  
 c) lui:flukse ; swak: goed ; min: hard

## VRYDAG 5 JUNIE 2020

Tema 9: Idiome

5 Junie 2020

P.82

**IDIOME:**

1. **In die sop wees:** *In die moeilikheid.*
2. **Sopnat:** *Baie nat.*
3. **In sy eie sop laat kook:** *Iemand sy eie probleem laat uitsorteer.*
4. **Sop met 'n vurk eet:** *Die onmoontlike probeer doen.*







**Hier is die antwoorde van die Post-les, alhoewel hulle dit net mondelings hoef te doen.**

Post-les

P.85

1. Carlien se biltong-en-bloukaassop
2. Dit is Carlien se sop, want die resep se naam is na haar vernoem.
3. Jy het 125ml botter nodig.

4. Kruid en speserye
  5. Die meelmengsel word die mengsel wat meel bevat genoem.
  6. Net voor opdiening beteken jy moet dit doen net voordat jy dit finaal in die sopbakkies skep.
  7. Nee, die sop sal uitloop, want dit is loperig. Sop moet in diep bakkies geskep word omdat dit 'n vloeistof is.
  8. Vier mense sal van hierdie sop kan eet.
  9. Die eerste vier bestanddele van die resep is botter, beesvleisaftrekselblokkies, swartpeper en neutmuskaat.
  10. Roer aanhoudend; jy wil nie klonte hê nie!  
Moenie die mengsel weer laat kook nie, hou net warm, anders word die biltong steak!  
Die **uitroepteken** word gebruik as 'n manier om uit te roep en die mense te waarsku om nie die resep te laat flop nie.
-